

Inhoud Hierdie preek spreek die goddeloosheid aan waarin mense vandag meerderwaardig glo dat Christus en sy kerk se tyd verby is en dat hulle tyd aangebreek het. Dit wys dat Christus sy kerk vervuld laat leef terwyl Christus self goddeloses veroordeel en só net op geleende tyd laat leef.

Skriflesing Judas 1 – 7, 18 – 25; 2 Petrus 2: 1 – 3, 17 – 22.

Teks Judas 20,21

Tema Christus laat ons in vervulde tyd leef – goddeloses op geleende tyd

1. Om veroordeel te word, beteken jy leef op geleende tyd – die tyd tussen jou veroordeling en die uitdien van jou vonnis. Om veroordeel te word beteken dit is net 'n kwessie van tyd voor die oordeel as vonnis voltrek word, want die oordeel oor jou is klaar gevel.

Jou tyd is verby!

Dit is presies die posisie waarin die eerste kerkverlaters in die sestiger jare na Christus, so dertig jaar voor dit opgevaar het na die hemel toe, die kerk gestel het. Die kerkverlaters het hierdie veroordeling oor die kerk van die Here uitgespreek – “Dit is klaar met die Christene. Hulle tyd is verby.” Dit was die houding van die heel eerste kerkverlaters amper 2000 jaar gelede gewees.

Dit is die situasie wat die Judas en Petrus in hulle briewe aanspreek. Judas was die Here en Jakobus se broer en Petrus die Here se apostel. Hulle het mekaar goed geken, saam die evangelie verkondig in die Joods-Christelike gemeenskap en tydens die skryf van die briewe Judas en 2 Petrus presies dieselfde probleem in die Joods Christelike gemeentes aangespreek – die eerste wegbreek uit die gemeentes van mense wat eers deel van die kerk was.

Wanneer ons die twee briewe met mekaar vergelyk kan ons sien hulle het ook saam hierdie saak met mekaar as leraars bespreek, die dwaling saam raakgesien en die geloof saam teenoor die dwaling gestel.

Die kerkverlaters verlaat die kerk met hierdie oordeel oor die kerk: die Christene leef nog net op geleende tyd, want Jesus Christus se tyd is verby. Volgens hulle was die tyd van die Here se wederkoms verby. Hy het nie gekom nie. So! Sy tyd is verby! Hulle verlaat die kerk met die veroordeling oor Christus en Christene – “Wat het geword van die beloftes van sy koms? Alles in die hele wêreld bly net soos dit van die begin af was, nog steeds is en soos dit vir altyd sal aangaan. (2 Pet. 3:4)

Jesus se tyd is verby! Hy is dood en weg en kom nie weer nie. Christene wat nog in Hom glo leef op geleende tyd.

2. Die eerste kerkverlaters in die Christelike Kerk het Christene se geloof belaglik en bespotlik gemaak omdat Jesus Christus se wederkoms nie binne hulle wêreldbeeld

gepas het nie. Hulle wêreldbeeld word deur die apostel Petrus treffend só verwoord: “Alles bly steeds soos dit van die begin van die skepping as was.” (2 Pet. 3: 4)

Vandag noem ons hierdie tipe opvatting oor die wêreld en mense met 'n geleerde woord “deïsme”. Dit beteken alles werk outomaties soos dit werk van die begin tot einde net soos dit werk, deur natuurkragte sonder God.

Jesus Christus pas nie binne só opvatting oor die wêreld nie, en daarom spreek hulle hierdie oordeel oor Christus uit: Sy tyd is verby! Die wat nog in hom glo leef ook maar net op geleende tyd want hulle tyd is ook verby soos Jesus se tyd verby is.

Wat pas nie in hierdie eerste kerkverlaters se opvatting oor die wêreld nie?

Die apostel Petrus stel dit só: Christus kom weer en daarom verwag gelowiges 'n nuwe wêreld waarin geregtigheid sal woon. (2 Pet. 3:13) Christene verwag 'n nuwe wêreld wat Christus sal skep waarin mense tuis sal wees in God se geregtigheid waarvolgens God alles sal laat werk.

Op hierdie wêreld wat Christene met Christus se wederkoms verwag het hierdie eerste kerkverlaters spottende toeskouers geword.

3. Omdat volgens hulle die tyd van Christus se wederkoms verby is, is die pad van waarheid, (2:2) dit is die weg van Jesus se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en wederkoms, 'n uitgediende weg wat se tyd verby is.

Dit is die oordeel in hulle hart, verstand en gees oor Christus en sy kerk waarmee hulle Christus en sy kerk bespotlik maak.

In die plek van die pad van Christus het hierdie eerste kerkverlaters 'n nuwe geestelike pad gevind. Judas noem hulle nuwe geestelike pad, die pad van droom visioene. Petrus noem hulle nuwe geestelike pad die pad van vindingryke fabels (1:16) en “aanmatigende onsin”(2:18) en “versinde argumente”(2: 3)

Hierdie pad word vandag in die NG Kerk, net soos in ander kerke as die spirituele weg verkondig. In die plek van Christus wat Homself as Here openbaar (1:16) word vandag weer, net soos met die eerste kerkverlaters in die Christelike Kerk se geskiedenis verkondig dat jy God se goddelikheid binne in jouself moet ontdek en só jou eie menslike innerlike as God binne in jou beleef. Dit is wat nou as “spiritualiteit” geleer word in die plek van Jesus Christus se heilsweg van sy geboorte tot sy wederkoms: jy moet nie meer in Christus glo, maar God se goddelikheid binne in jouself beleef.

Judas noem hierdie spiritualiteit van die eerste kerkverlaters – die ontaarding van die genade van God en die geloof in Jesus Christus. (Judas 4) Dit wys ons hoe het hulle die kerk verlaat – nie deur uit die werk weg te loop nie, maar om die geloof in Jesus Christus te ontaard: Jesus kom nie weer nie. Hy word net binne in jou gees beleef en jou geestelike ervarings is Jesus!

Die hart van hierdie geestelike driftigheid is dat hulle nie meer kinders van God die Vader wil wees nie, maar nog steeds vriende met Jesus wil wees. Hulle wil hulle self nie meer vind die liefde van God die Vader deur die kruisiging, en opstanding en

wederkoms van sy Seun nie. Hulle wil God in droomvisioene binne in hul self vind in die Naam van Jesus.

Judas noem hierdie spiritualiteit in die jare sestig na Christus die losbandigheid van goddeloses (4) en Petrus die losbandigheid, onstandvastigheid en onkunde van beginsellose mense. (2:13)

4. Wat is losbandigheid volgens God se Woord?

Dit is iets anders as om los van morele waardes en beginsels te wees of om 'n swak karakter te hê. Losbandigheid is om los te wees van God die Vader se liefde soos Judas dit beskryf as om deur geloof in Christus, jouself binne die liefde van God die Vader te bevind. (1) Losbandigheid is die teenoorgestelde van om vasgebind te wees in God die Vader se liefde. Daarom is losbandigheid om los van God die Vader se liefde te wees.

Losbandigheid gaan oor ontaarde liefde binne die ontaarde genade van God. (4) Watter liefde vind 'n mens in droomvisioene (8) en vindingryke fabels? (2 Pet. 1:16) As God net 'n belewenis van en in jou eie innerlike is, watter liefde vind jy daar? Dit maak die liefde wat jy in jou god vind, redeloos en instinkmatig (2 Pet. 12, Judas 10), die liefde van jou eie liggaamlike drange (2 Pet. 2: 18) As God jou eie innerlike ervarings is, is jou god se liefde vir jou niks, niks anders nie as net jou eie goddelike liefde vir jouself. In hierdie ontaarde liefde het mense nie die liefde van God die Vader nodig nie.

Só!

Wie se tyd is verby? Hulle wat hulself in die liefde van God die Vader vind deur Jesus Christus, en só altyd binne die vervulde liefde van god vir hulle leef, of hulle wat met die innerlike aanmatigende oordeel oor God leef, dat die tyd van God die Vader se liefde is verby, want die tyd van Jesus Christus se wederkoms is verby?

Hier moet ons die unieke van die evangelie ontdek wat Judas en Petrus aan gelowiges verkondig in die tyd van die eerste wegbreek uit die kerk! Die gelowiges wag op Christus se wederkoms as die dag oomblik waarin hulle onberispelik en jubelend voor Christus sal verskyn (21, 24) terwyl hulle wat met Christus gebreek het, sal vind hulle het net op Christus se geleende tyd geleef. Hulle tyd was lank reeds verby gewees.

5. Ons as gelowiges leef al meer en meer in die absurditeit dat ons onself voor God skuldig moet vind, weens die kerkverlating van goddeloses. Ons moet onder hulle oordeel leef dat hulle die kerk van die Here verlaat omdat Christus en ons tyd verby is.

Dit is die besondere van die briewe van Judas en Petrus. Hulle verseker die gelowiges teenoor die kerkverlaters dat die wederkoms van Christus is vir hulle die dag van ontferming, nie oordeel nie, waarin Christus hulle onberispelik en jubelend voor God stel. (Jud. 21,24); dit is die dag waarna gelowiges uitsien (2 Pet. 3: 12) omdat hulle dan in die nuwe skepping in God se geregtigheid tuis sal wees waarin hulle al reeds leef.

Nie gelowiges nie, maar hulle wat vir hulle 'n nuwe eie binne-wêreld geskep het waarin hulle met 'n droomverhouding met God innig is, God in hulle eie innighede vertroetel, leef reeds onder die oordeel van God en sal met die wederkoms van Christus, wat verseker sala plaasvind, veroordeel word deur die Here wie hulle veroordeel het dat sy tyd verby was.

Hierdie geleende tyd waarin goddeloses al reeds as veroordeeldes leef wy Judas en Petrus dan met dieselfde voorbeelde uit. Hulle is soos die goddeloses wat net uit Egipte weggetrek het om vry van slawerny te kom, nie om in God se liefde te leef nie. Daarom het hulle in 'n selfopgemaakte vryheid van God 'n goue kalf gemaak en só hulle onder God se oordeel gestel. (Jud. 5)

Net so word hulle nou reeds deur God net soos Sodom en Gomorra veroordeel omdat hulle God en mense in hulle innige pervershede vertroetel en God hulle 'n voorbeeld gemaak het van wie se tyd verby wie en wie op geleende tyd leef. (2 Pet. 2: 6, Jud. 7)

Dit is nie hulle wie God regverdig en deur goddeloses geteister word as mense wie se tyd verby is, soos hulle met Lot gedoen het, wie God oordeel nie. Dit is hulle wat sy kerk verlaat omdat hulle nie in God se liefde maar in hulle eie ontaarde liefde wil hul driftigheid as liefde wil vier. (2 Pet. 2: 7,8; Jud. 7 -11)

Die kerkverlaters se tyd is verby want "Hulle vonnis staan reeds lankal gereed; ja, hulle ondergang talm nie." (2 Pet. 2: 3) en die Here kom beslis vir almal wat die vermetelheid gehad het om te verklaar dat sý tyd verby is en sy kerk op geleende tyd leef.

6. Wie is vry en wie is gevangenis, hulle wie verklaar dat Christus se tyd verby is en sy kerk op geleende tyd leef, of hulle wat Christus en sy kerk verlaat?

Die kerkverlaters het aan gelowiges vryheid beloof omdat hulle kamstig in hulle kerkverlating vryheid gevind het. (2 Pet. 2: 19) Dit is hoe alle goddeloosheid hul self sien en vertoon – vry van die inperking en engheid om aan God gebind te wees.

Wat is hul vryheid?

Paulus bedryf hulle kamstige nuut gevonde vryheid met twee beelde: dit is 'n hond wat sy eie braaksel eet en 'n vark wat hom in modder was. (2 Pet. 2:22)

Goddeloses is gevange binne hul eie perversie van goddelikheid binne in hulle: hulle wil hul eie-driftigheid en eie-magtigheid ervaar en beleef as God wat binne in hulle leef en met hulle praat en hulle lei. Dit beteken dat elke sondige gedagte, drif en wil is vir hulle 'n goddelike ervaring waarin hulle hul self vry van God beleef. Dit was en is nog altyd di krag van sonde gewees. Sonde gee jou die innerlike vryheid van God en sy liefde, maar sonde is nie vryheid nie. Sonde is om die gevangene van jou eie driftigheid te wees – want jy besluit en stuur nie jou driftigheid nie, jy moet daaraan toegee, teen jou eie wil en beterwete. (2 Pet. 2: 19)

Daarom is mense wat Christus se tyd verklaar as verby, nie vry nie. Hulle is net mense wat terugkeer na wat hulle opgegooi het toe hulle deel van die kerk van die

Here wou word, net dan doen hulle wat honde doen: hulle keer terug na hul eie braaksel toe. Hulle keer terug na die afgodsdienste en goddeloosheid van die heidendom waaruit hulle gekom het.

Hulle is ook soos varke wat hul in modder was. Hulle reinig hulle self van hul sondes deur hul sondes as skoon en rein te ervaar in hulle spiritualiteit. Hulle maak hulself rein deur die vuilheid van hul sonde!

Kom ons breek met die oordeel wat vandag se kerkverlaters oor die Here en sy kerk uitspreek: geestelikes wat hul planne as God se droom verklaar, engele minag as wesens wat nie bestaan nie, die weg van Christus verwerp vir hul nuwe spirituele weg om God binne in hulself te beleef en hulself te reinig in die vuilheid van hul sonde.

Hulle tyd is verby. Christus kom en hulle leef nou reeds onder sy oordeel. Hulle is gevange in hul sonde tot hul finale oordeel.

Christus en sy toekoms behoort aan ons. Ons verwag 'n nuwe hemel en aarde waarin geregtigheid sal woon en maak nie hierdie sondige wêreld ons hemel op aarde nie: ons is gelowiges, nie die honde en varke van 'n nuwe heidendom nie.